Die TBK se Nuusbrief

NO 1/2011

Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 48865, HERCULES, 0030

TBK Webblad: www.boeremusiek.org
TBK E-posadres: info@boeremusiek.org
E-posadres vir korrespondensie: susane@arc.agric.za
Bydraes vir die nuusbrief: elsie@hypersoundandvision.com; Posbus 3036, Vanderbijlpark, 1900; Telefoon/faks 016 981 2605 – Peet van Staden

*As u sou belangstel om **Musiek van die boere** te kry, soos deur die TBK versprei … dan is Sias Erasmus die man om te kontak … Tel 012 379 1745, 083 948 2987, Bezuidenhoutstraat 467, Claremont, 0082. E-pos dualcon@vodamail.co.za*
Bankbesonderhede – TBK, ABSA Ben Swartstraat, Rekening nommer 090281062.

Hier volg die **datums van byeenkomste**, asook die jaarvergaderings, waar onderstreep, en ook die kontakpersone en hulle telefoonnommers:

PRETORIA: WYNAND SMIT 084 761 1515
12 Feb - 14 Mei - 13 Aug - 1 Okt (AJV TBK)

BLOEMFONTEIN: JIMMY McDONALD 051 522 4062
12 Feb - 30 Apr – 27 Aug - 5 Nov

WESRAND: FLIP SNYMAN 011 955 3615
29 Jan - **2 Apr** - 28 Mei - 3 Sep - 3 Des

VAALDRIEHOEK: WILLIE BADENHORST 016 932 1897
12 Mat - 7 Mei - 6 Aug - 8 Okt

GOUDVELD: HENNIE FERREIRA 057 217 3124
22 Jan - 28 Mei - 27 Aug - 26 Nov

OOSRAND: MARTIN DORFLING 082 542 1908
22 Jan - 21 Mei - 27 Aug - **26 Nov**

Tydens die **Jaarvergadering** van 2 Oktober 2010 in Pretoria is die volgende persone tot die Hoofbestuur verkies:

Voorsitter:	Flip Snyman	011 955 3615
Onder-Voorsitter:	Wynand Smit	084 761 1515
Sekertaris:	Stephaan van Zyl	082 777 0124

- Hy wat besittings opgaar, het baie om te verloor … Lao-tse -

Penningmeester:	Jasper Vlok	083 715 4259
Addisionele lede:	Martin Dorfling	082 542 1908
	Tom Adams	012 651 3700
	Sias Erasmus	012 379 1745
	Rejean Viljoen	082 923 5875
Gekoöpteer:	Christo Nel	072 545 3180

Baie geluk … en mag dit net beter gaan …

Boetie van Zyl is **op soek** na twee langspeelplate van Machiel en Flip Grobler … "Lovely is she" en "King of the cowboys" … skakel vir Boetie … 083 738 7689.

Terug in tyd maak mens dink en ou voetpaaie weer ooptrap … partykeer sit ek en dink, ander kere sit ek net … partykeer sit ek so lekker ek wil sommer opstaan en weer gaan sit … gesels so met Danie Grey … sê hy my … wanneer sy ouma met hom gedans het, het sy ook gesing van … " 'n Tonteldoos vol Noordewind … is die ouderdom van ou Gert se kind …" … Danie, of soos hy genoem was "Doenie", was so 5 – 6 jaar oud rondom 1953/54 … is daar iemand wat die woorde onthou en/of miskien kan aanlas …?

Die Karootak was gestig op die 8ste Februarie 1997. Jasper Vlok, die Nasionale Voorsitter is per perdekar die dorp ingebring … stigtings vergadering was gehou in die Stadsaal en 'n bestuur was gekies …

Voorsitter:	Hansie Erasmus
Sekretaresse:	Naomie Mattheus
Addisionele lede:	Theo Slabbert
	Neels van Rooyen
	Seun Knoetze
	Karel Nel

Die musieke was verskaf deur die Oudag, Bloemfontein Tradisioneel en Theo Slabbert en sy orkes … oom Hannes van Eck (86), is vereer met erelidmaatskap en het self 'n paar nommers gespeel …

- Die lewe kan net agteruit verstaan word, maar moet vorentoe gelewe word … Kierkegaard -

Terwyl ek besig was met **78-spoed plate**, wonder ek so by myself, ons weet van drie prentjie plate wat van oom Chris Blignaut se opnames gemaak was … dit is drie plate alkante, met ander woorde ses oppervlaktes (ek hoop ek het goed genoeg probeer verduidelik) en die opnames se name is soos volg: Die Donkie, Moedekhuisie (spelfout … die "k" moes seker 'n "r" gewees het), Vastrap Vanaand, Boere Bosveld Huis, Waarom Ontrou Lief, Saans Huistoe Gaan. As iemand verder asseblief aanvullende inligting kan verskaf, sal dit waardeer word. Die opnames van oom Chris was van "Columbia", ek het ook 'n "His Masters Voice" prentjie plaat van anderssoortige musiek.
Het u geweet dat oom Chris ook onder 'n skuilnaam, Harold Wise, opgetree het? Oom Chris se seun, wat 'n tandarts was, het in Vereeniging gebly, en het ek die voorreg gehad om met die dokter te kon gesels. (My telefoonnommer 016 981 2605 … dankie)

In die **Corobrik Saal**, op 11 Maart 1989, het die Bloemfontein se tak van die TBK van SA tot stand gekom. Die opkoms was goed. Besoekers uit Transvaal en Hartswater het deel gemaak van die aanwesiges. Ds/Dr Leon Ferreira het die opening waargeneem. Die res van die dag het onder leiding van Jasper Vlok verloop. Dr Ed Retief en Stephaan van Zyl was ook teenwoordig. Met die verkiesing van die bestuur was die volgende persone verkies:

Voorsitter:	Jasper Vlok
Onder-Voorsitter:	Dr Leon Ferreira
Penningmeester:	Callie van der Merwe
Sekretaris:	Mnr F Pienaar
Addisionele lede:	Oom Dirkie Uys
	Petrus Pienaar
	Gerald Ralph

Kalie de Jager van Pietersburg het die musikante behartig en was daar lekker musieke gemaak. Musikante was baie en verskeie groepe het gevorm en gemusiek. Matt Posthumus (10) en sy sussie (13) met haar kitaar, saam met Steven Fourie (11) het ook opgetree … (ek wonder wat het van hulle geword?) Meisie Wilmers, Oom Ben Bester, Dries van Wyk, Hennie Bronkhorst, Neels du Toit, At du Bruyn en baie ander was ook daar. Later het Neels en Mariaan Botha die Voorsitterspaar geword en huidiglik is Jimmy en Cathy McDonald die Voorsitterspaar in Bloemfontein.

- Hulle wat lag, wen … Shakespeare -

Ons het **skrywe ontvang** van Mnr. P.G. du Plessis van Dealesville … die aantree luister soos volg: "Liewe vriend. Baie dankie vir die Nuusbrief 2/2010 … ek merk dat ek nou as Oudstryder bekend staan" … op 10.10.10 was die oom en tannie 50 jaar getroud … baie geluk! Die oom skryf soos volg:

"Met die lees van Ds. Freek Serfontein se lekker brief het my gedagtes terug gevlieg na 1948/54, toe my vader 'n 12v motor battery gehad het met die radio.

Saans 6:45 het hulle boeremusiek gespeel, maar kon ek net 'n paar minute luister, want die battery moes gespaar bly vir die nuus om 7nm. Soos Ds. Freek kan ek net CDs speel, maar my vader het viool gespeel en my moeder kitaar. My twee susters het beide klavier gespeel en my broer viool, kitaar en orrel, so ons het baie musiek geniet, nog steeds. Ek wil graag die Ds. se skrywe en gedagtes ondersteun en aan u almal 'n groot dankie sê vir die opofferings in belang van die mooi musiek, doe so voort. Vriendelike TBK groete, Pieter du Plessis" (*Dit was wonderlike en mooi tye gewees … Red.)*

Baie dankie vir my verjaarsdagkaartjie … die nuwe formaat lyk mooi!

Terwyl 'n man besig was om oorsee sy slimgeit beter te maak met 'n kursus, ontvang hy 'n **dringende telegram** van die huis af … "Skoonma oorlye, wat moet ons doen, veras, balsem of begrawe?" Die man antwoord onmiddellik terug … "Moenie kanse vat nie … aldrie!"

Die eerste tak van die TBK was gestig op die 11de Oktober 1986 en die bestuur het so gelyk:

	Voorsitter:	Oom Piet Bester
	Sekretaris:	H Stone
	Penningmeester:	Wilma Bothma

Ander lede van die bestuur was Ben Raubenheimer, Judy Maritz en Johny van Leuwen. Meer as 100 volwassenes het die byeenkoms bygewoon … Manie Erasmus, Danie Grey, August de Koker, Jan Visser, Hans Bothma en Manie Bodenstein het onder andere musiek gemaak.

Ons het **nog skrywe ontvang** van Mev. Ann Steffen uit Benoni … gerig aan die bestuur van die TBK … "Dagsê, 'n hartlike groet aan u almal daar. Graag sê ek baie

- Want as ek swak is, dan is ek sterk … Paulus van Tarsus -

dankie vir al die jare se nuusbriewe, verjaardae kaartjies wat ek so getrou ontvang het. Ook vir die getroue diens wat daar verrig word. Baie dankie. Ook die doen en late van elke tak wat so heerlik beskryf word dat ek voel in die gees een. Herman (oorlede) en myself Ann, het as lede 21.1.81 by die Polisie Kollege PTA Noord aangesluit. Mnr. T. Adams was destyds voorsitter. Inhuldiging van F. Harris se grafsteen op 3/4/82 was ons ook teenwoordig. Herman het ook heel dikwels besoeke gebring by C. Leeson se woonstel. Ook het hy haar na die 1983 AJ vergadering geneem. Waar sy as Erelid 'n geskenk ontvang het van die TBK (sien bl. 7 die foto in die Gedenk Album van P. Bester 1987) waar hy die geskenk oorhandig. Ons het aan huis met gereelde musiek en braaivleis aande Manie Bodenstein, W. Fourie, Hannes Viljoen (hy het 3 konsertinas vir ons herbou), Nick Potgieter, D. Labuschagne, J. Vlok, Herman Wolfswinkel, Tom Senekal, Jan Bronkhorst en vele andere onthaal. Met 'n byeenkoms het Herman met sy geliefde 3 ¾ Wheatstone konsertina (nog steeds in my besit) saam met Piet Bester en 'n groep optree. Dit was 29.4.86. Piet het aan my 'n bandjie geskenk waarop 3 stukke saam gespeel was. Hy het dit aan my geskenk na Herman se afsterwe (11/7/86). Ek luister nog dikwels na die bandjie.

Ek wil steeds die nuusbriewe ens. ontvang. Ek betaal R100 by ABSA in vir verdere posgelde ens. As oudstryder wens ek die TBK nog vele jare voorspoed en heil toe. Stuur ook asb. baie groete aan Flip Snyman, terloops, hy het Herman se banjo aangekoop. Ek glo hy geniet steeds die instrument.

Beste Wense
Groete hier uit Benoni
(Mev.) ANN STEFFEN

(Dankie vir die skrywe tannie … ek is bly as ek die herinneringe weer 'n dink kan maak … Red.)

19 Oktober 2002 het die **<u>Takstigting</u>** gesien van die Sekelmaan Tak op Uitenhage. Nadat Jasper Vlok geopen het is daar 'n bestuur gekies …

Voorsitter:	Johan Meiring
Onder-Voorsitter:	Gerrie van Vuuren
Sekretaris/Penningmeester:	Mev. Marie Jonas
Addisionele lede:	Callie van Vuuren / Martin vanVuuren / Eric Jonas

Onder die Voorsitterskap van Jannie Nel was daar **<u>'n tak gestig</u>** op Rustenburg. Die onder-voorsitter was Dr. C.J. van der Bergh. Mnr. Loots en sy verloofde was ook tot

die komitee verkies. Oom Piet Bester, Kalie de Jager, Hans en Wilma Bothma asook Stephaan van Zyl was ook daar. Saam met Diek Brits en oom Piet het Gert Ross (Rossouw) ook musiek gemaak.

Aan almal wat **nie lekker voel nie**, waar u ookal mag wees, in ‘n hospitaal, versorgingsoord, tehuis vir bejaardes, of almiskie wag u vir die uitslag van toetse … dit kan ook wees dat u tuis aansterk … beterskap en/of spoedige herstel word u toegewens …

Nog ‘n **skrywe uit die Noordkaap** wat ons ontvang het, lees so …

Jan Daniël Delport:
Op die 25ste Desember 2010 vier ons die 80ste verjaarsdag van nog ‘n konsertina legende. Vir al die mense in die Noordkaap en Reivilo omgewing, beter bekend as oom Danie. Hy het die musiektalent op baie vroeë lewensjaar (5 jarige ouderdom) ervaar, en is ook vele musiekinstrumente magtig. Die konsertina was sy gunsteling instrument.

JD DELPORT

Hy trou met die nooi van sy hart, Riekie Greyling, vanuit Fiksburg in die Vrystaat.
Twee kinders grootgemaak. Saam stig hulle dan ook die Danie Delport orkes met die Jakaranda Vastrap as kenwysie. Danie op die konsertina en Riekie speel die orrel. Die ander lede het gewissel soos die jare verby gegaan het. Die orkes het ‘n goeie naam opgebou, en was baie op aanvraag. Tok en Lalie Swannepoel asook sy suster Rina was vir jare ook lede van sy orkes.
Danie het dan ook lid geword van die TBK van SA en 15 jaar as lid gedien. Die konsertina het hom en sy gesin later as ‘n legende in die Reivilo omgewing gemaak.
Die orkes se naam het hom vooruitgeloop met net die mooi dinge as boere orkes word vertel.

Die konsertina het hom wêreldwyd gevat tot in California, Noord-Amerika, waarby hy, Sandra en Koekoes (sy kinders) vir die Amerikaners boeremusiek gemaak het.
Nog ‘n hoogtepunt in Danie Delport se lewe, was om saam met Nico van Rensburg op Quaggablad (Reivilo) ‘n paar nommers te kon speel. Danie het ook vir jare tenoor gesing in Reivilo se kerkkoor. Hy het ook sy sertifikaat as toneelspeler ontvang, en vir al sy bydrae by Quaggablad.

- Wie nie droom nie, is nie 'n realis nie … Einstein -

Alle eer en dank ons ons Hemelse Vader om so ‘n persoon se talent vir langer as 70 jaar saam met ons te kan hê. Mag hy eendag onthou word vir sy bydrae in die boeremusiek gemeenskap. Groete. *(Dankie oom vir die skrywe … Red.)*

Oom Japie Laubscher was gebore op 3 Junie 1919 in Woodstock naby die Kaap. Hoërskool gemaak by Nassau waarna die oom by die Poskantoor gaan werk het. Japie se pa was (Klaas) Nicolaas Ewerhardus Mostert Laubscher (geb. 1889) en sy ma was (Susie) Susanna Petronella Reynecke (Geb. 1888) en hulle het op Ysterplaat gebly. Oom Japie het twee susters gehad en een broer Johannes Karl Reynecke Laubscher (Geb 1923). Oom Japie se broer was in die S.A.P. op Beaufort-Wes. In 1945 het oom Japie begin uitgaan met juf. (Kotie) Jacoba Dalton … sy is in 1922 gebore en was afkomstig van Southfield in Kaapstad. Uit hulle huwelik is twee kinders gebore … Nico in 1957 en Gerda in 1961. Tannie Kotie, oom Japie se vrou is vroeg in haar lewe oorlede – 8 Des 1970 … Tannie Kotie se ouers was Daniel Dalton en Gerty, gebore Barnard. ***Op die foto hierbo regs staan oom Japie, Tannie Kotie, Nico en Gerda voor hulle huis Altebly.***



Die Lang Jan Salie Polka is genoem na ‘n man van die Onderveld in Namakwaland … oom Dok se Polka, het oom Tewie Fourie, die banjospeler gemaak vir Dr Theron … die Spoorweg Huisdokter in Observatory in die Kaap. Die Salome Wals is vernoem na Jean du Plessis se dogter … oom Japie het saam met Jean gespeel voordat hy sy eie orkes begin het. Maansie se Wals is vernoem na ‘n gestremde kind wat lief was vir oom Japie se musiek … Stella Wals … die dametjie het by die OK se geldlaai gewerk. Poetoe Pap het oom Japie gemaak as blyk van waardering jeens die kritiek wat hy uit die Transvaal gekry het … Oom Tewie Fourie se vrou, tannie Gertie, is vereer met die “Gertjie my Gertjie Wals” … die oorsprong van die “Ou Waenhuis” word vertel in ‘n “Vastrapper” van oom Piet Bester.

15 September 2001 is die **Weskaap Tak** van die TBK gestig. Jasper Vlok het gaan help en die nuwe bestuur het soos volg daar uitgesien:

- ‘n Mens se geld kan opraak, solank jou planne nie opraak nie … Onbekend -

Voorsitter:	Louis Hurter
Onder-Voorsitter:	Brian Niewoudt
Sekretaris:	Andrê Viktor
Penningmeester:	Johan Saayman
Addisionele lede:	Ds. Freek Serfontein
	Willem Swanepoel

Opskommel Maart 1991 - Die lede in die Vaaldriehoek is kriewelrig en dit lyk soos ‘n opstand, want hule het die TBK-bestuur drie keuses gegee: “n TBK-byeenkoms of Jaarvergadering aldaar, óf **‘n tak móét gestig word!** Moet net nie skiet nie manne, want al drie dinge is moontlik en *Opskommel* sal gratis julle onafhanklikheid aankonding. Die belhamels is Org de Bruin (Heidelberg – (051) 7608, mnr van Staden (Posbus 3036, Vanderbijlpark, 1900) en Mechiel van Niekerk (Sasolburg – (016) 761755 H en 708 2949 W

Nuusbrief 2/94 - NUWE TBK TAK ? : Peet van Staden, die aanhou-danser van Van der Bilpark, het aanvoorwerk gedoen om vas te stel of daar genoeg ondersteuning in die VAN DER BIJLPARK omgewing is vir die stigting van ‘n TBK tak aldaar. Reëlings is getref vir ‘n tradisionele boeremusiek dans op die 9de JULIE 1994 in die OLYMPIANS SAAL. Die verrigtinge begin om 18H00 (6nm) – bring u eie eet en drinkgoed saam. Braaigeriewe sal beskikbaar wees. Toegang R35-00 per paar. Musiek sal deur die OUDAG boereorkes en die plaaslike boereorkes, VERKEERSKNOOP, en moontlik oom Boet Steyn en seuns verskaf word. Vir verdere inligting kan u vir Peet van Staden by telefoonnommer 016-9812605 gedurende kantoorure skakel. Sy posadres is: POSBUS 3036, VAN DER BIJLPARK 1900.

Nuusbrief 3/94 - BYEENKOMS TE VANDERBIJLPARK : Die byeenkoms wat Peet van Staden vir die 9de Julie in die Olympians saal beplan het, was baie suksesvol sover dit TBM betref. Ek het die voorreg gehad om dit by te woon ek ek glo dat een en ‘n inkelte persoon wat daar was, dit terdeë geniet het. Alhoewel die koue ook hier teenwoordig was, het dit geen afbreuk gedoen aan die gees wat daar geheers het nie. Almal het die pragtige musiek van Oom Boet Steyn en sy seuns, Oom Jan van Rooyen, die Oudag orkes, Callie vd Merwe se vioolspel en die plaaslike orkes, Verkeersknoop (of is dit die SPIETKOPS ??) geniet. Jasper Vlok het al die pad van Bloemfontein gekom om die aand se verrigtinge te open.

- Geen mens kan helder dink met gebalde vuiste nie … G.J. Nathan -

Ons glo dat die mense van VdBylpark en Vereeniging omgewing, wat daar was, die TBM sal versprei en dat die volgende byeenkoms, wat vir 1 OKTOBER 1994 in die OLYMPIANSAAL beplan word, ‘n nog groter sukses sal wees. Dit wil voorkom of die TBK se 6de tak hier in wording is !! Op hierdie stadium sal die Oudag en die Kruinstad Boere-orkeste, en ‘n plaaslike orkes, weer daar wees.

Om hierdie storie reg te vertel, moet ons eers **die wortels oopgrawe**.
Met ‘n gekuier by neef Frans van Straten in Bloemfontein om en by 1990, het ek op sy uitnodiging saamgegaan na ‘n dans in een van die skousale. Daar loop ek my vas in die TBK en sy mense.
My skoonpa se dogter en ek, wat baie lief is vir dans, het daardie aand onsself loshande die TBK ingedans, soveel so dat ons aangesluit het.
Na ‘n paar genotvolle kuiertjies, onder andere ook by die Esselenparksaal, kennismaking met die Oudag, Namakwalanders, Hannes Schoeman en andere, was ons hoogs belangstellend en totaal oorweldig deur die “lekker-op-die-oor-val” musieke van die Tradisionele Boeremusiekklub van S.A. se musikante/orkeste.
Op die tuisfront word daar ‘n gemeentedag by ons kerk beplan met speletjies, konsert en die gewone, alles ten doel van ‘n “ken-mekaar-beter” projek.
As mede-organiseerder, beplan ek toe ook die insluiting van ‘n boereorkes. By navraag ontdek ons toe dat oom Jan Vosloo, destydse leier en pa van die gesinsorkes “Die Voslootjies”, ‘n lid van die kerk is, en so effentjies nog per geleentheid musiekie maak.
Na die gemeentedag loop waai die winde van belangstelling vir oom Jan en myself so half in dieselfde rigting – wat tot gevolg het dat ek oom Jan saamnooi na ‘n byeenkoms van oom Ben Low (Wesrand) op Randfontein. Daar word oom Jan toe presies raakgespeel deur die Oudag en oom Boet Steyn en sy seuns. Hierdie seuns wat deur oom Boet afgerig was, was nie net een of ander tyd ‘n kampioen in die bokskryt nie, hulle maak as ‘n ware Familieorkes ook kampioen tradisionele boeremusiek.

Na ‘n paar gesprekke met oom Ben Low en Dr. Ed Retief (Nasionale Voorsitter), besluit ons om ‘n proeflopie uit te voer, en wel op ‘n bitter koue aand, 9 Julie 1994, in die Olympianssaal op Vanderbijlpark. Ten spyte van die koue het die harte warm geklop, en die musieke saam met die aanmaak-koeldrank het gesorg dat die handjievol mense – om presies te wees 78 – die “eerste-van-sy-soort-byeenkoms in die Vaaldriehoek” terdeë geniet het.
Aan ondernemingsgees en entoesiasme het ons na die byeenkoms “oor-as-te-veel-baie-meer-as-genoeg-gehad”. Die loodskomitee word net so gekies en op 1 Oktober 1994

- Sukses bestaan uit klein oorwinnings elke dag … Laddie F Jutar -

stig ons die Vaaldriehoektak van die TBK van SA. Antonette van Giesbergen was op die loodskomitee, maar sy was nie weer verkiesbaar vir die komitee nie. En soos Raadslid oom Professor Doktor Lang Piet de Villiers gesê het – toe was die "bliksems" los. Met uitsonderlike prysenswaardige hulp van oom Jan Vosloo, Koos Roos, die komitee en vrywillige helpers pak ons toe die "bicycle by the handles" – soos Frik du Preez gesê het – en maak toerusting en advertensies en begin om beplanning te doen.
Intussen, in oom Jan Vosloo se Feeshuis, begin die raakspelery van Randfontein se kuier en die aanmaakkoeldrank rimpels veroorsaak wat tot gevolg het dat 'n groepie musikante geesdriftig ingeoefen word vir ons eerste volwaardige TBK byeenkoms in die Vaaldriehoek. Ons het later verskuif na die Vereeniging Stadsaal waar ons meer as 500 mense by ons funksies gehad het en met die AJV van die TBK het ons meer as 1000 gehad … (*Gedurende Februarie 2002 het ons "Vanuit die Musiekkamer" uitgegee wat deur die TBK versprei was en verdere inligting is daarin gepubliseer – Red.)*

Dit is met leedwese dat ons vermeld van **die afsterwe van** Oom Frik Oberholzer, kitaarspeler van die Musiekmakers van Vanderbijlpark.

Jimmy Mac Donald vanaf die Bloemfontein Tak skryf: Ja, wat sê 'n mens as 'n tak agteruit gaan van vol sale in die dae van die posduif saal, tot sale waar kostes skaars gedek kan word? Verskeie redes kan aangevoer word, maar ek wil nie verskonings uitdink nie. Feit is, tye en alles wat daarmee saamgaan, het verander.
Deur die jaar is daar baie hard gewerk deur die komitee en kon ons daarin slaag om vier funksies aan te bied. Die Protea Dansgroep van Klerksdorp het ons met die eerste funksie bygestaan en terselfdertyd 'n kursus aangebied. A.g.v. padwerke en hoë brandstofpryse is dit moeilik om orkeste van ver te kry om hier te speel, en steun ons swaar op Welkom musikante om te help. Ons is baie dank aan Hennie Ferreira en sy mense verskuldig. Dankie ook aan Jannie Cilliers en sy orkes van Phillipolis wat kom help het. Party funksies was uitstaande en ander minder goed.

Dan was daar ook die hartseer met die afsterwe van Tienie Boshoff, Peet Ferreira en Chris Groenwald. Dankie aan al die boeremusiek vriende vir jul ondersteuning. Volgende jaar probeer ons weer.

Spesiale dank aan Hendrik de Beer vir sy bydrae tot bevordering van ons kosbare musiek. Sy program moet volgende jaar plek maak vir die geld afgod.
Voorspoed vir die nuwe jaar. Groete – Tel 051 522 4062

- Dit is nooit te laat om te wees wat jy kon gewees het nie … George Eliot -

Nuus vanaf die Oosrand Tak: Hallo aan al my boeremusiek-vriende. Sjoe, 2010 het omtrent verby gevlieg met al die bedrywe en dan nog die sokker wêreld beker. Ek wil dit net graag onder al ons lede se kennis bring dat dit baie goed gaan met die Oosrand tak van die TBK. Die hoeveelheid mense wat ons danse bywoon is sterk besig om te styg. Ongelukkig kon ons slegs drie danse díe jaar hou weens omstandighede buite ons beheer. Ek wil al die orkeste wat by ons kom kuier het van harte bedank vir die goeie musiek en gees wat hulle in ons saal (Eeufees saal, h/v Trichardt en 4de Weg, Boksburg-Noord) opgewek het. Ons is tans ook besig om reëlings te tref om 'n snoepie by ons byeenkomste te hê.

Flip Snyman en Willie Badenhorst (met banjo) tydens die laserskyf vrystelling van Willie en sy saam speel en sing orkes

Dankie aan sekerlik die belangrikste persone … ons ondersteuners. Sonder julle sal ons as musikante nie ons passie kon uitleef nie.
Groete, Martin F. Dorfling

Skrywe ontvang vanaf Flip Snyman:
Groete aan alle boeremusiek vriende landwyd. Net so bietjie terugvoering oor die gebeure in die TBK na ons laaste nuusbrief uitgestuur is.

Dit was 'n woelige maar suksesvolle 2010 vir die TBK, danksy positiewe bydraes van ons lede en ondersteuners.
Eertens baie geluk en voorspoed aan die gekose hoofbestuur vir 2011 en ook baie dankie aan die gewese bestuurslede vir hulle bydraes in die verlede. Geluk en sterkte ook aan ons takke se nuwe bestuurslede wat verkies is.
Baie dankie aan die Mooiplaas orkes, Die Sandvelders en Stephaan van Zyl en sy manne wat die met AJV vir ons sulke mooi musiek gemaak het. Nadat die Sandvelders daar opgetree het die aand het hulle in hulle

Oom Hentie en Stephaan (met die sertifikaat)

- Sien die lewe dankbaar as 'n voorreg en nie as 'n reg nie … Jannie le Roux -

voertuie geklim en huiswaarts gekeer na Springbok, bykans ‘n duisend kilo’s. Kêrels ons het dit geniet en waardeer wat julle vir ons musiek opoffer. Dan het Jasper Vlok ook van die Kaap af met sy voertuig so rus, rus gery om by ons teenwoordig te wees. Dankie Jasper ons waardeer dit. En dankie vir die kuiertjie by my, dit was ‘n aangename tydjie.
Daar is twee ondersteuners wat gereeld ons byeenkomste in die TBK bywoon wat bei-

Charles en Dina Ellis by Stephaan



Dirk Conradie en Stephaan

de in 2010 94 jaar oud geword het. Dit is Oom Hentie Smit van die Wesrand en Oom Steve Coetzer van Pretoria. Daar was besluit om aan elkeen van die twee persone ’n erkenning te gee met die AJV, ongelukkig was oom Steve ‘n bietjie grieperig en kon nie teenwoordig wees nie maar oom Hentie het sy sertifikaat vanaf Stephaan in ontvangs geneem en ons plaas ‘n foto van oom Hentie wat daar uit die Weskaap kom.

Charles en Dina Ellis het die Hannes Schoeman wisseltrofee vir uitsonderlike diens aan die TBK gelewer ontvang. Baie geluk en baie dankie. Dan het Dirk Conradie ook sy 15 jaar lidmaatskap ontvang, veels geluk ook aan ander lede wat ongelukkig nie teenwoordig was om hulle sertifikate te ontvang nie.
Dan wil ek ook net namens die TBK baie dankie sê aan Jan Potgieter wat ’n pragtige self handgemaakte mes vir die TBK geskenk het vir uitloting. Met die AJV is die lootjies getrek en die gelukkige wenner was Koos de Beer van Rustenburg wat die lootjie tydens ‘n byeenkoms aan die Oosrand uitgeneem het.
En dan was daar die Wesrand se laaste funksie op 27 November 2010. Wat ‘n voorreg was dit nie om Willie Nelson en sy Namakwalanders vanaf Alexanderbaai by ons te hê nadat die vorige dag ‘n opname van hulle gemaak is vir ‘n CD en vroeg in 2011 be-

- Die meeste mense is omtrent so gelukkig as wat hulle besluit om te wees … Abraham Lincoln -

skikbaar sal wees.Die Wesrand het behoorlik gegons en daar was gedans en gekuier tot laatnag. Die Namakwalanders het ook toe net so voor elf die aand die langpad aangedurf terug na Alexanderbaai toe. Willie, Rassie, Blackie, Johannes en Glen, dit was vir ons ‘n groot plesier en voorreg om die vier dae met julle te kon deel en ons kan nie wag vir die cd om die lig te sien nie, en baie dankie vir julle opoffering ter wille van ons mooi musiek.

Groete en seënwense aan al ons boeremusiek vriende landwyd.

Jasper Vlok, Penningmeester – TBK skryf: Liewe Boeremusiekvriende
Op versoek van ons samesteller en skrywer van ons nuusbrief, Peet van Staden, skryf ek hierdie brief om darem te sê hoe ek die nuwe lewe hier in die Kaap vind.

Na baie jare van rondtrek het ek verlede jaar gedurende Junie my huis in Bloemfontein in die mark gesit en presies ‘n jaar later hier in die aftreeoord ingetrek.
Ek is ‘n boorling van Sutherland, bekend vir sy koue temperature. Ek het my finale skooljare in Worcester voltooi en daarna by ‘n ouditeursfirma begin werk. Soos dit met ‘n mens gaan bly die soeke na beter mos maar altyd daar. Na drie en ‘n half jaar het ek ‘n Rekenmeesterspos aanvaar by SASKO – nou Pioneer Foods. Hier het my omswerwinge in dié land begin en het ek met so baie mense en vriende kennis gemaak.
My voorliefde vir Tradisionele Boeremusiek was van kindsdae af daar. My vader het pragtig mondfluit gespeel. Alles sy eie komposisies wat in die veld met skape oppas, begin het. Ongelukkig besit ek geen opnames van hierdie musiek nie, want daardie jare het ons nie die geriewe van vandag gehad nie.
Met my rondtrekkery het ek in 1976 in Pietersburg geland en so werklik betrokke geraak by Boeremusiek toe ek vir oom Piet Bester en Ds. Lourens Aucamp ontmoet het. Wat ‘n voorreg was dit nie. Met hierdie twee manne se versamalings het ek dit gekry waarna ek tot dan net gehoor het.
Met ‘n verplasing na Krugersdorp en toe Pretoria, het ek my vriende Danie Labuschagne en Stephaan van Zyl ontmoet en was die verryking van my geliefde musiek vol in wording. Toe die konsertina klub van S.A. in 1981 gestig is, was ek lid no.4 om aan te sluit. In 1982 is ek verkies tot die Hoobestuur en van toe af ten volle betrokke tot nou toe.
Wel die jare stap maar aan en ek sal wou graag my oudae hier in die Kaap kom sluit. Met my vrou Ralie met wie ek in 1968 in Worcester getroud is, se gesondheid wat

nie so goed is nie het ek besluit om my groot leefwyse af te skaal en hier in die aftreeoord te kom bly by al ons familie wat in groot getalle ook hier by ons bly.
Dit was ‘n totale kopswaai maar gelukkig pas ons goed aan en weet ek dat met die Here se genade, ons nou versorgend kan wees op ons ouer dae.

Ek speel reeds eenkeer per maand vir die mense in die oord ons geliefde musiek en wat ’n voorreg om te kan sien hoe hulle dit geniet.
Vereers dink ek dit is genoeg, groete aan al my Boeremusiek vriende oor die land heen. ‘n Voorspoedige 2011 word u toegewens.

Dr Hans la Grange gebore Remhoogte, distrik Hekpoort 6 Januarie 1925 … sy pa was Albert la Grange en sy ma Cecilia, ‘n nooi Potgieter … 3 kinders uit die huwelik gebore, Hans, Johannes en Miemie. Sy laerskooldae in Jim Louw en hoërskool in Voortrekker … daarna verder geleer aan die Universiteit van Pretoria … in 1950 het dr Hans sy hospitaaljaar voltooi by die Ermelo Hospitaal, waarna hy sy eie prakyk begin het op Magaliesburg.
Dr Hans trou op 9 Desember 1950 met ‘n dame van Zeekoewater … distrik Witbank … mej. MJCP (Nannie) Jordaan. Die dame het ook in Pretoria onderwys gestudeer … by die Normaal Kollege, en later skoolgehou by die Laerskool Maraisburg …

Op Universiteit was ‘n groep studente wat ‘n Orkes gehad het, onder andere het Charles Fensham ‘n 4-ry gespeel … dr Hans het van Charles ‘n 4-ry Lachenal bekom.

Ook het die Dr. ‘n 4-ry Wheatstone, met 18 karaat goudknoppies, gekoop by James Heron van die Salvation Army … nadat dr Hans twee outydse harnasse gerestoureer het, het die dokter die **Wals van die Ridders** gemaak. Dit was deels die Boesmandraf Polka van die Ses Hartbrekers. Die gladde harnas op die plaat omslag (Die Boere Speel So het dr Hans gekoop by die leier van die Ossewa Brandwag … Adv. Jerling. Die ander harnas kom van ‘n afstammeling van die stigter van die Dalrimple spele … ene mnr. Dalrimple. *(Hierdie inligting het ek “many moons ago” gekry by oom Johannes la Grange – Red.)*

Dr. Hans en sy “Orkes van die Ridders”

- Gister is vandag se herinneringe, en more is vandag se droom … Kahlil Gibran -

Verskillende volkere, verskillende tydperke het hulle eie ***maniere van groet.*** *Ons Afrikaners toon ons hartlikheid deur 'n handdruk … maar is mens altyd so seker dat die handdruk liefde, opregtheid, vriendskap en hartlikheid aandui? Is die handdruk 'n simbool van Christelike liefde? Ons Afrikanergroet mag tog nooit 'n simbool van wrok, veragting, haat of selfs liefdeloosheid wees nie! Sal ons in die Bybel 'n teks kry wat bogenoemde kan ondersteun …?*
In die 2de Boek van die Konings, hoofstuk 10, vers 15, lees ons van die uitroeiing van die geslag van Agab en van die profete van Baäl … Jehu ontmoet Jonadab en vra, voordat hy hom handgee …: "Is jou jart reg soos my hart reg met jou hart is?" Jonadab antwoord "Ja!" Daarop sê Jehu: "As dit so is, gee my dan jou hand!"
*Voordat ek volgende keer my hand gee, sal ek nie eers gou met 'n Christelike toets myself afvra of my hart reg is nie? …****(Met dank aan Ds. John du Toit … "Terwyl die ketel kook")***

Tydens die karavaannaweek van 1996 by Mimosa in Parys, het ons tot vyf konsertinas saam gebruik. Op die foto is van links na regs voor: Bert Venter / Daan van Vuren / Wyle oom Willie Botha / Piet Snyman / Basie Brits en Frikkie Eloff. Agter van links na regs is Gerrit Brits / Hannes Schoeman / Oom Jan Vosloo en Tannie Hannie *(Uit my foto-album – Red.)*

Het u geweet dat as u die datum 12 Maart 2011 neem, en daarvan presies 360 maande aftrek, dan kry ons 12 Maart 1981? Wat is so besonders aan hierdie datum? Dit is die datum waarop die TBK gestig is - met ander woorde, hierdie jaar vier ons die TBK se 30ste bestaansjaar – Veels Geluk!! (meer hieroor in ons volgende Nuusbrief … Red.)

- Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe … Christus Jesus -